

PLAASLIKE GESKIEDENIS — OGIES

H v d Berg (Hoërskool Ogies)

In die geskiedenis van Ogies is die naam Hendrik Botha, gebore op 12 Maart 1881 totaal onbekend, maar wanneer gepraat word van oom Fly Botha, dan weet somer baie mense, selfs ver buite die grense van die gebied, van wie gepraat word.

Die bynaam 'Fly' het hy gekry toe hy as jong krygsman tydens die Tweede Vryheidsoorlog, vir drie dae en nagte weggekruip het vir die Engelse, in 'n pan met water. Toe hy daar gevind is, is aan hom gesê dat hy darem regtig "fly" is om só weg te kruip.

Tydens dieselfde oorlog was 'n Britse konvooi gestasioneer te Balmoral. Hulle het op 1 Februarie 1900 in 'n geveg met 'n Boerekommando vanaf Bethal betrokke geraak op die plek waar Ogies se stasie vandag staan. Gedurende die skermutseling is 'n Engelse soldaat, genaamd J. Bryant, dodelik getref. Oom Fly het hom persoonlik begrawe in 'n graf wat hy self gegrawe het. Die grond was so nat dat hy hom as't ware in 'n watergraf begrawe het.

Later van tyd is besluit om 'n perron op te rig op die stasie en toe oom Fly verneem dat hulle die graf wil skuif, het hy sy geweer geneem en die spoorwegamptenare baie duidelik laat verstaan dat dit sý Engelsman se graf is en dat niemand daaraan sal raak nie.

Die gevolg is dat Ogies vandag spog met 'n grafsteen op die stasieperron, presies waar oom Fly destyds sy Engelsman begrawe het.

Oom Fly was ook sy hele lewe lank 'n bloedsap gewees. Enige vreemde persoon is dan ook altyd op dieselfde kenmerkende wyse gegroet: "Ek heet Fly Botha en ek is 'n SAP, hoe voer neef die van?"

In 1948 het die Nasionale Party die verkiesing gewen, en daar en dan het Fly Botha besluit dat hy nie sy hare of baard sou skeer voordat die S.A. Party weer aan bewind kom nie.

Sy vrou, tant Kitty, wou op 'n dag so 'n bietjie gelyk maak aan die weelderige haredos en baard, maar moes onverrigtersake die aftog blaas.

ETAM het in 1949 selfs 'n spotprent geteken waarin oom Fly op stelte moes loop ten einde aan sy belofte gestand te doen.

Met lang hare en 'n welige bos baard is hy oorlede op 7 Februarie 1965. Die destydse leier van die Verenigde Party het 'n brief in eie handskrif geskryf waarin hy simpatie betuig het met die afsterwe van oom Fly.

Sy dogter, mev. A. Voges, woon vandag nog op die familieplaas, "Smaldeel", distrik Ogies.



Oom Fly en sy Engelsman



HOUSE OF ASSEMBLY,
CAPE TOWN.

16. 2. '65

Geachte mev. Botha,

Dit was met innige spyt dat ek versuim het van die afsterwe van Oom Fly, u geliefde eggenoot.

Graag wens ek, namens myself en die hele Verenigde Party, ons innige meegevoel jense U uit te spreek asook die vertroue dat U geskryf sal word deur die wete dat hy sy plig getien het en sy land en volk se belange altyd ke eis belang gestel het.

Ons sal oom Fly mis, veral by ons besaansdelings, maar die wete dat hy in vol en vryghede lewe getien het, maak ons dankbaar jense die Almagtige dat hy kom so lank aan ons getien het.

Vriendelike groete

J. N. M. van Graaff

'n Skrywe van die leier van die Opposisie met oom Fly se afsterwe.

WANNEER?



'n Wiltbankse V.P.-ondersteuner het glo besluit om sy baard en hare nie te laat skeer voordat die V.P. weer aan bewind is nie. Daar word vermoed dat, as sy voorbeeld in V.P.-geledere algemene navolging vind, groot oplewing in die stelte- en krukkehandel verwag kan word.

Oom Fly het selfs spotprenttekenaars geïnspireer.